# REËLS EN REGULASIES VIR DIE VOORGRAADSE en HONNEURS NAVORSINGSPROJEKBEFONDSING

## 1. DOELSTELLING

Die doelstelling van die Voorgraadse en Honneurs Navorsingsprojekbefondsing is om verdienstelike voorgraadse navorsingsprojekte in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) van gedeeltelike of volle finansiering te voorsien met die oog daarop om voorgraadse en honneurs navorsing te stimuleer.

## 2. BESTUUR EN ADMINISTRASIE

Die Visedekaan (Navorsing en Internasionalisering) is verantwoordelik vir die bestuur van die fonds. Toekennings sal op ’n mededingende grondslag, op grond van meriete sowel as na gelang van die beskikbare begroting gemaak word.

## 3. KWALIFISERINGS-KRITERIA

Enige voorgraadse of honneursgraadse geregistreerde student in die FGGW, Universiteit Stellenbosch, wat as deel van sy/haar voorgraadse of honneursgraadse studie navorsing onderneem.

## 4. INDIENING EN SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE

Aansoeke word in twee rondtes per jaar vir oorweging by die Afdeling Navorsingsontwikkeling en -steun (FGGW) ingedien. Die volgende sperdatums geld:[1]

- 1 April
- 1 November.

## 5. RIGLYNE EN OORWEGINGS VIR TOEKENNINGS

a) Alle projekte sal goedkeuring van die betrokke US Navorsingsetiekkomitee vereis (GNEK, VNEK, NEK:SGO, NEK:SGD, NEK:BOV). Aansoeke kan ingedien word terwyl NEK-goedkeuring nog gesoek word, mits studente ’n plan en geraamde tydlyn vir die verkryging van goedkeuring indien. In sulke gevalle sal die uitbetaling van toekennings onderworpe wees aan die bevestiging van etiekgoedkeuring in die vorm

[1] Hierdie twee rondtes sal uitsluitlik na die goeddunke van die fondsbestuurder aangekondig word. Ingeval finansiering beperk is, kan daar in enige betrokke jaar minder aansoekrondtes wees.

van ’n brief van die GNEK. Indien etiekgoedkeuring nie binne drie maande na die voorlopige toekenningsdatum bekom word nie, word die toekenning outomaties gekanselleer.

b) Die aansoek moet ondersteun word deur ’n studieleier wat as ’n akademiese personeellid of ’n geakkrediteerde buitedosent van die FGGW dien, sowel as deur die departement-/afdelingshoof.

c) Slegs een aansoek sal per projek per jaar oorweeg word. In geval van groepnavorsingsprojekte sal slegs een toekenning per projek gemaak word. In sulke gevalle moet die groep ’n hoofaansoeker uit eie geledere benoem en die name van alle ander groeplede in die aangewese ruimte op die aansoekvorm lys.

d) Studente behoort self om projekfinansiering vir voorgraadse navorsing aansoek te doen. Studieleiers mag nie namens studente aansoek doen nie. Waar ’n aansoek slaag, sal geen finansiering beskikbaar gestel word voordat bewys van studenteregistrasie gelewer word nie.

e) Wanneer ’n toekenning gemaak word, moet die studieleier die toewysing of skep van ’n geskikte navorsingskostepunt in die betrokke departement/afdeling fasiliteer waarin die fondse inbetaal kan word.

f) Finansiering kan gebruik word vir navorsingsverwante uitgawes wat in die begroting verskyn. Alle uitgawes moet deur die studieleier goedgekeur word. Toelaatbare begrotingsitems sluit in lopende uitgawes, reise na en van veldwerk, drukwerk en kleiner toerusting. Nie-toelaatbare begrotingsitems sluit in reise na en van konferensies, salarisse en studiegeld.

g) ’n Persoon sal gewoonlik slegs een toekenning vir die duur van sy/haar voorgraadse of honneurs opleiding ontvang. Meer as een toekenning kan egter gemaak word in gevalle waar ’n vorige toekenning uitgeloop het op ’n navorsingspublikasie in ’n vaktydskrif wat by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) geakkrediteer en subsidiedraend is, en mits ’n verslag oor die vorige navorsingsprojektoekenning ontvang en goedgekeur is.

h) Aansoeke moet bestaan uit ’n volledig voltooide aansoek vorm (URP-02-2022), ’n goedkeuringsbrief van die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee, en bewys van studenteregistrasie.

i) Alle ander finansiering of toelaes in die aansoeker se naam of wat aan die bepaalde projek toegeken is, moet verklaar word.

j) Enige fondse wat nie teen die einde van ’n tydperk van een jaar vanaf die datum van die toekenningsbrief aangewend is nie, sal teruggaan na die Fonds.

k) Studente wat na afloop van hul navorsing hul bevindinge wil publiseer of by ’n konferensie wil aanbied, kan by die Fonds vir Toekennings vir Voorgraadse Konferensieaanbiedings en Aansporingstoekennings vir Voorgraadse Publikasies aansoek doen; hierdie fondse is slegs oop vir *voorgraadse studente*. Sodanige aansoeke sal slegs oorweeg word sodra ’n volledige verslag oor die aanwending van die Voorgraadse Navorsingsprojekbefondsing (sien afdeling 8 hieronder) ontvang en goedgekeur is.

**6. MAKSIMUM TOEKENNINGS**

**Navorsingsprojekbefondsing:** Studente wat kies om hul navorsing as deel van hul akademiese kurrikulum te onderneem (bv vir ekstra krediete), kan om die navorsingsprojektoekenning aansoek doen om navorsingsverwante uitgawes te dek. Voorgraadsestudente-aansoeke sal vir 'n maksimum van R5,000 oorweeg word. Honneursstudente-aansoeke sal vir 'n maksimum van R30,000 oorweeg word. Alle begrotingsitems moet gemotiveer word en moet duidelik aan projekdoelwitte gekoppel wees. Versoeke vir groter bedrae sal in uitsonderlike en verdienstelike gevalle en met sterk motivering deur die studieleier en/of afdeling-/departementshoof oorweeg word.

**7. RIGLYNE VIR VOORLEGGINGS**

**7.1.** Aansoeke moet op die jongste weergawe van die tersaaklike aanlyn aansoek vorm (URP-02-2022) in getikte vorm ingedien word. Geen hardekopie aansoeke word toegelaat nie.

**7.2.** Aansoeke moet al die dokumente (aanhangsels) insluit wat op die aansoek vorm vereis word.

**7.3.** Aansoeke moet hersien word en deur die aansoeker se primêre navorsingstoesighouer afgeteken word.

**7.4.** Aansoeke wat laat ingedien word of onvolledig of verkeerd ingevul is, sal nie in aanmerking geneem word nie.

**7.5.** Die aanlyn aansoekvorm en vereiste aanhegsels, soos per aansoekvorm, moet per e-pos ontvang word by Ms Inge Sonn by die kantoor vir Voorgraadse Navorsing, Navorsingsontwikkeling en – steun, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, op of voor die verklaarde sperdatum vir die spesifieke aansoek.

**7.6.** Aansoekers behoort binne ʼn maand na die betrokke sperdatum van die uitkoms verwittig te word. Finansiering sal oorbetaal word na die tersaaklike kostepunt wat deur die aansoeker voorsien en deur sy/haar studieleier goedgekeur is.

**8. VERSLAGDOENINGSVEREISTES**

8.1. Elke suksesvolle aansoeker wat ondersteuning van die Voorgraadse Navorsingsprojekbefondsing ontvang, moet binne 6 maande na die toekenningsdatum ʼn verslag indien.

8.2. Die verslag moet op die jongste VNP(V)-04-2016-vorm ingedien word. Dié vorm vereis ʼn narratiewe verslag met besonderhede van vordering met die betrokke navorsingsprojek; terugvoering oor navorsingsresultate, waar van toepassing; ʼn begrotingsverslag wat uiteensit hoe die fondse aangewend is, en ʼn plan vir die verspreiding van navorsingsresultate (bv konferensieaanbieding, publikasie, ensovoorts). Die narratiewe gedeelte van die verslag moenie twee getikte A4-bladsye oorskry nie en behoort onder studente en personeel binne die tersaaklike navorsingsgroep/departement/afdeling/sentrum/eenheid versprei te word. Die narratiewe verslag kan

ook op die webtuiste van die Voorgraadse Navorsingskantoor in die Afdeling Navorsingsontwikkeling en -steun geplaas word.

8.3. Suksesvolle aansoekers word ten sterkste aangemoedig om hul navorsing op hul departementele navorsingsdag of die FGGW se Akademiese Jaardag aan te bied.

8.4. Suksesvolle kandidate mag versoek word om hulself en/of hulle groepslede beskikbaar te stel vir die maak van 'n kort videogreep waarop hulle praat oor hulle ervarings tydens hulle navorsing, wat op die webruimte van die Nagraadse Navorsingskantoor geplaas kan word.

**9. KONTAK**

Ms Inge Sonn, Hoof: Kantoor vir Voorgraadse Navorsing, Navorsingsontwikkeling en -steun, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. E-pos: ingeks@sun.ac.zaTelefoon: 021 938 9181.